OPSTEL

GRAAD 6 TOT OPE AFDELING

VERHALEND, BESKRYWEND EN BEREDENEERD

1. VOORSKRIFTE

1.1 ALGEMENE VOORSKRIFTE:

- 'n Deelnemer mag in **een of meer kategorieë** deelneem.
- 'n Deelnemer skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in graad 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12 óf die ope afdeling (18-25 jaar; dui ouderdom aan).
- **NB! NB!** Dieselfde inskrywings mag NIE meer as **een keer** (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet **oorspronklike werk** wees wat nog nie voorheen ingeskryf is nie.
- Alle inskrywings moet die **deelnemer se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk** wees.
- **LET WEL! Die beoordelaars is onafhanklik van die FAK en hulle beslissings vir die finaliste en wenners is finaal en bindend en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.**

1.2 VOORSKRIFTE VIR DIE HANTERING VAN 'N INSKRYWING:

- Die paragraaf wat deel is van die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font:** Calibri
  - **Lettergrootte:** 12
  - **Spasiëring:** 1½
  - **Kantlyne:** 20 mm rondom
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die onderstaande inligting aangebring word. Die inskrywing sal punte verloor indien nie hieraan voldoen word nie:
  - **Naam en van**
  - **Graad/ouderdom**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie: Opstel (verhalend/beskrywend/beredeneerd)**
  - **Titel**
- Sien punt 3 in die Algemene Afdeling oor hoe om jou inskrywing(s) in te dien.
- Heg die opstel in ***pdf-formaat*** aan.
- Indien **meer as een inskrywing** vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat twee beredeneerde opstelle skryf), moet elke inskrywing **apart** ingestuur word, elk met 'n **afsonderlike inskrywingsvorm**.
- 'n **Maksimum van DRIE INSKRYWINGS per kategorie per leerder** word toegelaat. Geen ekstra inskrywings sal aanvaar word of beoordeel word nie. Kies die **beste DRIE** om in te skryf.
- Ons verkies dat geen **handgeskrewe** opstelle ingestuur word nie. Die beoordelaar moet nie sukkel om dit te lees nie.

2. WENKE

2.1 BEREDENERENDE OPSTEL

- Dit handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt ingeneem word.
- **BEIDE** kante van die standpunt moet beredeneer word, waarna 'n eie mening gegee word.
- Dit moet objektief en gebalanseerd wees.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- 'n Gevolgtrekking word bereik.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.
- Doen goeie navorsing.

2.2 BESKRYWENDE OPSTEL

- Waarnemings met al vyf sintuie (sig, klank, gehoor, smaak en aanraking) insluit en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, eie belewing en sinvolheid geniet aandag. (Dus meer as net die opnoem van waarnemings, deeglike beskrywings.) Skep 'n prentjie in woorde.
- Tekste kan varieer van realisties na 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor die beskrywing kan gegee word.
- Plekke, gebeure en karakters word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, stylfigure, idiome en spreekwoorde word op 'n oorspronklike wyse aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

2.3 VERHALENDE OPSTEL

- Hierdie opstel handel oor iets wat gebeur en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- Dit word opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend, interessant en samehangend.
- Die vertel-/storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf of kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word vereis.
- 'n Verrassende slot word vereis.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

3. OPDRAG

Skryf 'n positiewe of humoristiese opstel van jou keuse of oor enige onderwerp geïnspireer deur die tema van die jaar.

- Vir leerders met Afrikaans as Huistaal:
  - **150 tot 200 woorde vir graad 6 en 7**
  - **200 tot 300 woorde vir graad 8 en 9**
  - **300 tot 500 woorde vir graad 10 tot 12 en ope afdeling**
- Vir leerders met Afrikaans as Eerste Addisionele Taal:
  - **100 tot 150 woorde vir graad 6 en 7**
  - **150 tot 250 woorde vir graad 8 en 9**
  - **200 tot 300 woorde vir graad 10 tot 12 en ope afdeling**
- Voorsien die opstel van 'n **Afrikaanse titel**. Die woord "Opstel" is nie 'n titel nie.
- Skryf die **aantal woorde** van die opstel neer.
- Die opstel mag verhalend, beskrywend of beredenerend wees. **NB!!! Dui** op die inskrywingsvorm **aan watter tipe opstel geskryf is**.

BEOORDELING SAL NA AANLEIDING VAN DIE VOLGENDE GEDOEN WORD:

ORGANISASIE EN STRUKTUUR **__ / 15**	• Is die doel met die inleiding bereik? • Bevat die struktuur 'n logiese ordening en opbou van inhoud? • Is die slot treffend met 'n gepaste samevatting?
INHOUD EN AANBIEDING **__ / 15**	• Is die inhoud genoegsaam en kreatief? • Is daar 'n logiese redenering vanaf die inleiding tot die slot? • Is die inhoud oortuigend? • Dra die inhoud by tot die opbou van die onderwerp?
ONDERWERP **__ / 10**	• Is die onderwerpsformulering geslaagd? • Voldoen dit aan die eienskappe van die tipe opstel?
TEGNIESE VERSORGING **__ / 10**	• Het die opstel 'n titel? • Is die teks taalversorg en die spelling foutloos? • Word goeie Afrikaans gebruik? • Dra taal en styl by tot die opstel se leesbaarheid? • Is die taalgebruik nuut/opwindend/beeldryk? • Voldoen die inskrywing aan al die vereistes? • Is erkenning gegee aan navorsing of aanhalings?
TOTAAL	..... uit 50